# Die werk van die Heilige Gees*

B J ENGELBRECHT

## I Inleiding

Ek dink dat dit uit die artikel oor die persoon van die Heilige Gees duidelik geword het dat die Heilige Gees 'n goddelike persoon is, en nie alleen maar 'n onpersoonlike krag wat in die lewe van mense werk nie. Juis omdat Hy 'n persoon is, verrig Hy sekere werksaamhede. Hulle is natuurlik die werksaamhede van die Drie-enige God, maar tegelykertyd werksaamhede wat spesifiek aan die Heilige Gees deur die Bybel toegeskryf word.

## II Die verbondenheid met die persoon en werk van Jesus Christus

Wanneer ons nou hierdie werksaamhede van die Heilige Gees in die Bybel nagaan, is dit merkwaardig hoe dat die Bybel die werksaamheid van die Heilige Gees geweldig baie nou betrek by die persoon en by die werk van Christus Jesus. 'n Mens kan maar net die begin van die Evangelie volgens Lukas hierop nalees. Daar sien ons eerstens dat die liggaamlike verwekking van Jesus Christus gebeur deur die Heilige Gees. Alreeds voordat Hy as mens gebore is, is die Heilige Gees al ten opsigte van die menswording van Christus Jesus werksaam. In Lukas 1:35 lees ons: "en die engel antwoord en sê vir Maria: *"Die Heilige Gees sal oor jou kom,* en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word."

Wanneer ons verder in hierdie selfde Evangelie lees, sien ons dat van die kind Jesus gesê word: "en die Kindjie het gegroei en sterk geword *in die gees* en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom" (Luk 2:39). Sommige uitleggers lê die woorde "in die gees" só uit, dat dit beteken dat sy groei en sy sterkword, dat die wonder van 'n kind wat groot word, dat dit ook die werk van die Heilige Gees is. Maar dit is nie net dat Hy groot word met betrekking tot sy liggaam nie, maar Hy is ook vol van wysheid. Dit is 'n Ou Testamentiese gegewenheid dat die Heilige Gees nie net dié Een is wat ook volgens Ou Testament die mens se liggaam wonderkunstig vorm nie, maar dat Hy ook dié Een is wat aan ons gawes gee, veral die verstan-

*Lesing gehou voor die Ringsjeugsaamtrek, Pretoria op 10 Junie 1978.

delike gawe en die gawe van wysheid. Dit word nou op Jesus Christus toegepas. Die Heilige Gees is dus dié Een wat oor Maria kom en wat Christus verwek, en Hy is dié Een wat die wonder van die groei en die grootword en die sterkword in die lewe van Jesus tot stand laat kom. En dan, as ons net weer verder in Lukas lees, dan sien ons dat nadat daar oor die kindjie Jesus gepraat is en ook oor sy groei en sy sterkword deur die Heilige Gees, word daar gepraat oor die *doop van Jesus*, en dan word daar gesê dat die hemel oopgegaan het by sy doop en dat "die Heilige Gees in liggaamlike gestalte soos 'n duif op hom neergedaal het en 'n stem het uit die hemel gekom en gesê: U is my geliefde Seun" (Luk 3:21-22). Met ander woorde voordat Jesus in die openbaar begin optree en sy amp as die Seun van God en die Messias in die wêreld aanvaar, daal die Heilige Gees eers op Hom neer. En nou sien die Bybel daardie gedeelte wat ons nou hier in Lukas 3:21 en 22 in verband met die doop van Jesus gelees het, só, dat Jesus gesalf is met die Heilige Gees. Wanneer Hy in Nasaret kom en Hy daar in die sinagoge die boekrol by Jesaja 61 oopslaan, dan sê Hy: "Die Gees van die Here Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld is van hart te genees . . ." Met ander woorde Jesus self sien daardie doop in die Jordaan waar die Heilige Gees uit die oopgegane hemel op Hom neerdaal, as sy salwing, sodat Hy kan sê: "Die Gees van die Here Here is op My omdat Hy My gesalf het", om hierdie boodskap (wat Hy dan hier in die volgende vers opsom) in die wêreld uit te dra. Ons vind die volgende saak: In die Grieks is die woord vir salf *chrioo*. As ek sê *chrioo*, dan sê ek: "ek salf", en daarvandaan is die woord "Christus" afgelei. "Christus" in die Grieks beteken "Gesalfde". Met ander woorde, wat hier vir ons gesê word, is dat deur die salwing van die Heilige Gees, die volgende gebeur het: Jesus van Násaret word die Christus, en "Christus" is die ampsnaam van die Seun van God wat sy amp in hierdie wêreld aanvaar.

Die Heilige Gees is dié Een wat op Hom kom en Hom salf en Hom bekwaam maak om die amp van "die Christus" in die wêreld te aanvaar en te begin uitvoer. Nadat Hy gedoop is, en nadat Hy gesalf is deur die Heilige Gees (nadat Hy Gesalfde, Christus geword het deur die Heilige Gees) begin Hy dan ook in die openbaar optree en *begin Hy sy ampswerk doen*. Direk na sy doop sê Lukas dan van Jesus: "En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af en is deur die Gees in die woestyn gelei waar hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is". As't ware die eerste ampswerk wat Christus Jesus dus doen, is dat Hy deur die Heilige Gees in die woestyn ingelei word en *dat Hy daar versoek word*. Daar word dit duidelik dat Hy nie soos die eerste Adam, die eerste mens, aan die versoekings toegee nie, maar dat Hy die Heilige en Gesalfde van God is wat gekom het om as sondelose die sondes van die wêreld weg te dra. En dan net

'n paar verse later kry ons (in Lukas 4:18), juis hierdie saak (wat ons alreeds aangehaal het) dat Hy sê: Die Gees van die Here Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie te verkondig" en om al daardie werk van die Messias, van die Christus te doen. Ons sien dus dat die Heilige Gees se werk ten nouste verbonde is met die werk van Christus Jesus, en daarom word die Heilige Gees dan ook in gedeeltes soos I Petrus 1:11, "die Gees van Christus" genoem. Dit beteken onder andere dat Hy dié Gees is wat aan die persoon en die werk van Christus Jesus verbonde is nog voordat Jesus Christus gebore is, en wat Jesus Christus se werk as die gesalfde Messias dwarsdeur sy lewe begelei tot aan die einde van sy lewe.

### III Inspirasie van die Heilige Skrif

Maar nou is dit merkwaardig dat nie net die begin van die Evangelie van Lukas nie, maar ook die res van die Bybel vir ons duidelik maak hoe dat die werk van Christus Jesus, (óók ten opsigte van ons wat hier en nou leef) ten nouste saamhang met die werk van die Heilige Gees. In hierdie verband wys ek eerstens op die gedeelte uit II Petrus 1:19 waaruit ons weer verder kan verduidelik hoedat die werk van Christus Jesus én die van die Heilige Gees ook in ander opsigte met mekaar saamhang. Daar staan naamlik "en ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog ag moet gee, soos op 'n lamp wat in die donker plek skyn totdat die dag aanbreek, en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek". Ons het alreeds gesien: die Heilige Gees is verbonde by die geboorte én by die amptelike werksaamheid van Christus Jesus tot aan sy kruisiging, opstanding en hemelvaart. Nou het Christus Jesus daardie werk voltooi, en nou moet daar *'n betroubare verslag van daardie werk van Christus Jesus op skrif gestel word.* Dit is juis een van die vernaamste werksaamhede van die Heilige Gees, dat Hy vir ons dié diens verrig dat daardie werksaamheid wat in Christus Jesus voltooi is en afgehandel is (toe Hy aan die kruis gesê het: "Dit is volbring"), dat die Heilige Gees die getroue getuies (wat oor- en ooggetuies was van Jesus se werk) dat Hy hulle inspireer en dat Hy hulle lei sodat hulle op vertroubare wyse daardie getuienis aangaande Jesus Christus op skrif kan stel. Petrus se uitspraak oor die inspirasie van die Woord van God deur die Heilige Gees geld in die eerste plek die geskrifte van die Ou Testament, maar dit geld myns insiens ook woordvir-woord vir die Nuwe Testamentiese skrywers en hulle getuienis aangaande die heilswerk van die Gesalfde, Christus Jesus. Hulle, die betroubare oog- en oorgetuies is deur die Heilige Gees gedrywe en

so het hulle die dinge op 'n vertroubare wyse aan ons oorgedra deur dit op skrif te stel.

## IV Die Historikus van die Drie-eenheid

Dan kry ons die volgende fase. Jesus Christus is byna 2000 jaar gelede gebore en ongeveer 30 jaar daarna het Hy aan die kruis gesterf. By sy sterwe aan die kruis het Hy gesê: "Dit is volbring", dit wil sê sy lydingswerk is afgehandel. Daarna volg die wonder van die opstanding en van die hemelvaart en die feit dat Hy aan die regterhand van God die Vader sit. Nou kom die vraag na vore: Daardie heilswerk wat Christus Jesus daar-en-toe gedoen het, daardie heilswerk wat deur die Heilige Gees begelei is, daardie heilswerk wat deur die Heilige Gees se leiding op skrif gestel is – *hoe kan ek nou (ek wat meer as 1900 jaar daarna leef) hier-en-nou deel kry van daardie heilswerk?* Hoe kan daardie heilswerk (soos wat die doopformulier dit sê) nou my eie eiendom diep in my hart word, sodat ek aan daardie afgehandelde heilswerk (wat onder andere inhou die vergifnis van sondes, die weeropstanding van die vlees, en die ewige lewe) deel kan kry? En nou sê die Bybel vir ons dat dit nie vir ons nodig is dat ons na die kruis van Golgota moet gaan en (soos wat 'n mens partykeer hoor) aan die voet van die kruis van Golgota moet gaan staan nie. Die Bybel sê vir ons dat dié goddelike persoon wat daardie heilswerk (wat daar en toe eenmaal en genoegsaam en finaal afgehandel is in Christus Jesus) vat en wat dit nou in my lewe inbring en tot my eiendom maak, sodat ek deel aan daardie heilswerk kry, die Heilige Gees is. 'n Mens kan amper sê dat die Heilige Gees die historikus van die Drie-eenheid is. Hy is eintlik nog meer as die historikus, want wat maak 'n historikus? Die historikus is die iemand wat die dinge van die verlede bestudeer, en wat dit as't ware weer lewendig maak en wat die betekenis daarvan weer in die moderne tyd vir ons duidelik maak. Nou is die Heilige Gees die historikus van die Drie-eenheid; Hy gaan terug in die verlede en dit wat eens-en-vir-altyd genoegsaam deur Christus Jesus vir ons verwerf is, dit maak Hy nie net vir ons duidelik nie, maar dit maak hy ook tot ons eiendom; of, soos wat die doopformulier dit sê: Wanneer ons gedoop word in die Naam van die Heilige Gees, dan beteken dit dat die Heilige Gees die dinge wat Christus vir ons verwerf het, tot ons eiendom maak. Hy was nie net betrokke by die geboorte en by die amptelike werk van Christus Jesus terwyl Hy op aarde gelewe het tot aan die einde van sy lewe nie; Hy was ook nie net betrokke by die betroubare opskrifstelling van daardie werk nie. *Hy maak ook daardie werk wat eens-en-vir-altyd genoegsaam afgehandel is, hier-en-nou tot ons eiendom.* Die Evangelie wat miskien die duidelikste hieroor skryf is Johannes, veral Johannes 14 en Johannes 16. In Johannes 16:7 lees ons sê Jesus: "Maar Ek sê vir

julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur". Jesus Christus sien die saak só dat dit voordelig is dat Hy, nadat Hy uit die dode uit opgestaan het, Hy na die hemel toe opvaar, want dan sal die Heilige Gees kom en *dan sal Hy die afgehandelde heilswerk van Christus Jesus voortsit.* Dit word byvoorbeeld ook duidelik uit Johannes 14:18 en 19 waar Jesus sê: "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie: Ek kom weer na julle toe. Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe". Dit beteken Jesus Christus sal nie die Christene hier op aarde soos weeskinders agterlaat nie. Hy sal weer na hulle toe kom om hulle te troos. Die manier waarop Christus nou na die wêreld toe kom, is juis die Heilige Gees. In wetenskaplike taal word gesê: Die *modus praesentiae* van Christus Jesus in die wêreld is die Heilige Gees. *Die Heilige Gees is die manier waarop Christus in die wêreld teenwoordig is.* As Hy net gewoonweg sou opgevaar het, en aan die regterhand van God die Vader gaan sit het, en die Heilige Gees, die Trooster, sou nie na ons toe gekom het nie, sou ons soos troostelose weeskinders in die wêreld agtergebly het. Maar nou sê Jesus Christus: "Ek kom weer na julle toe", en die manier waarop Hy kom, is die Heilige Gees. Hý is die persoon waarin Christus Jesus sy heilswerk nou in die geskiedenis tussen sy hemelvaart en sy weerkoms gaan voortsit.

## V Binding aan die Heilige Skrif

In Johannes 14:27 sê Jesus die volgende: "die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer, en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het". Hierdie teks en Johannes 14:13 en 14 is twee belangrike tekste. In Johannes 16:13 en 14 staan daar: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek, en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort en aan julle verkondig". Een van die groot dwalinge in verband met die persoon en veral in verband met die werk van die Heilige Gees, is juis dit dat mense meen dat Hy los van Christus Jesus werk, dat Hy nuwe dinge na vore bring en openbaar, en dat Hy nuwe dinge aan mense verkondig. Maar Johannes 14:26 en Johannes 16:13 en 14 laat ons sien dat die Heilige Gees "nie uit Homself sal spreek nie", maar dat Hy sal uitlê "wat Hy van Christus hoor" en dat Hy sal voortsit "wat aan Christus behoort". Daardie verbondenheid wat al begin blyk het vóór die geboorte van Jesus Christus, die verbondenheid van die Heilige Gees aan die persoon en die werk van Christus Jesus, daardie verbondenheid bly ook staan

ná die hemelvaart van Jesus Christus. Want nádat Jesus na die hemel toe opgevaar het, word van die werk van die Heilige Gees gesê: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle *in die hele waarheid lei." Dít doen Hy deur die geskrewe Woord van God tot lewende Woord van God in die harte van mense te maak;* en in hierdie proses bind Hy Homself vrywilliglik aan die persoon en werk van Jesus Christus soos dit in die Skrif opgeteken is. "Hy sal My verheerlik omdat hy dit sal neem wat aan my behoort en aan julle verkondig" (Joh: 16:14). "Hy sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh: 14:26). Izak da Costa, een van die Nederlandse geleerdes, het in hierdie verband gepraat – die *conscripturatio* van die Heilige Gees. Dit beteken: As goddelike Persoon *kan* Hy buite die Skrif om werk. Hy doen dit egter nie, maar Hy bind Hom vrywilliglik aan die Skrif. Opsommend kan ons dan sê: Die heilswerk van Christus Jesus wat Hy aan die kruis eens en vir altyd volmaak en genoegsaam voltooi het, dit bring die Heilige Gees as die historikus van die Triniteit in ons lewe in en Hy maak dit tot ons eiendom. En in daardie proses bind Hy Hom aan die werk van Christus Jesus. Hy bring nie nuwe werke te voorskyn nie, maar Hy bind Hom aan Christus Jesus *én Hy bind Hom aan die Skrif.*

### VI Besondere gawes om mense toe te rus vir hulle dienswerk

Maar ná die Hemelvaart van Jesus Christus moet die kerk voortgang vind in die wêreld. En nou laat die Skrif ons sien dat die Heilige Gees ook dié Iemand is wat, noudat die kerk daardie dinge in die wêreld moet indra en moet gaan verkondig, *gawes gee aan persone in die kerk om hulle bekwaam te maak en hulle toe te rus vir hierdie dienswerk in die kerk en in die wêreld.* In die Ou Testament vind ons byvoorbeeld in Eksodus 31:2 tot 5 die volgende in verband met die bouwerk aan die tabernakel. "Kyk Ek het Besáleël, die seun van Uri, die Seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep en Ek het hom vervul met die Gees van God met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer en goud en silwer en koper, en deur snywerk in stene wat ingelê moet word, en deur houtsnywerk; om werksaam te wees in allerhande werk". Daardie kunstenaars, naamlik Besáleël en Ohóliab, word geinspireer deur die Heilige Gees en word bekwaam gemaak om daardie pragtige kunswerke van die tabernakel te beplan en uit te voer. Ons kry dit ook nog verder in die Ou Testament. Ek noem net 'n paar gedeeltes, byvoorbeeld Numeri 11. Daar sê die Here vir Moses: "Bring vir My sewentig manne uit die oudstes van Israel bymekaar van wie jy weet dat hulle oudstes van die volk en sy opsigters is en bring hulle by die tent van samekoms dat hulle daar voor jou kan staan, en Ek sal neerdaal en daar met jou spreek *en van my Gees*

*wat op jou is sal Ek afsonder en op hulle lê,* en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie" (vers 16 en 17). In vers 25 staan: "Daarop het die Here neergedaal in die wolk en met Moses gespreek en Hy het van die Gees wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer, maar daarna nie meer nie". Dit is duidelik dat hier nou mense nodig was vir die kerk van die Ou Testament, mense wat die werk van God (in hierdie geval eintlik die regeerwerk van God) moet doen. En net soos wat Besáleël en Ohóliab met die gawe van die beplanning en die uitvoering van die kunswerke deur die Heilige Gees toegerus was, net so ook word hierdie *oudstes met die gawe van regering en leidinggewing* in die lewe van die gemeente van die ou tyd deur die Gees van die Here toegerus. En dit kry 'n mens dwarsdeur die Ou Testament, byvoorbeeld in Numeri 27:18: "Toe sê die Here aan Moses: Neem nou vir jou Josua, die seun van Nun, *'n man in wie my Gees is,* en lê hom die hand op en stel hom voor die priester Eliáser en voor die hele vergadering en gee hom opdrag voor julle oë". Ook Josua word dus deur die Gees van God bekwaam gemaak om daardie spesifieke werk in die lewe van die volk van God uit te voer. En in Rigters 3:10 lees ons van die rigter Otniel: *"En die Gees van die Here het op hom gekom* en hy het Israel gerig en hy het uitgetrek om oorlog te voer..."

In Samuel 16:13 word daar in verband met Dawid presies dieselfde gesê. "Samuel neem toe die horing met die olie" (net soos in verband met Christus staan die Heilige Gees en *salwing* ook hier met mekaar in verband) "en salf hom te midde van sy broers en *die Gees van die Here het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword."* Die Gees van die Here maak Dawid dus bekwaam vir sy toekomstige loopbaan as *regeerder* van Israel, maar ongetwyfeld ontvang hy deur die Gees ook die *digterlike en profetiese gawes.* Maar net die volgende vers (1 Samuel 16:14) is ook belangrik. Daar staan: "Maar die Gees van die Here het van Saul gewyk en 'n bose gees deur die Here gestuur het hom verskrik". Toe Saul ongehoorsaam word en die Here hom nie meer waardig ag om daardie werk in die kerk van die Here, in die ou Godsvolk, te doen nie, toe is dit so dat die Gees van die Here wyk uit sy lewe uit en ook die bekwaamheid wat hy deur daardie Gees van die Here gekry het, wyk ook uit die lewe van Saul. In plaas daarvan dat die Gees van die Here nou deur sy gawes Saul bekwaam maak om die werk van die Here in sy kerk en in sy volk te doen, kom daar nou 'n bose gees in Saul. Die dade wat nou voortvloei uit hom, is nie meer dat hy die werk van God doen nie, maar dat hy die werk van die duiwel doen, omdat 'n bose gees nou van hom besit geneem het.

Hierdie lyne van die gawes wat God aan die mense gee om sy werk

in die kerk te doen, word deurgetrek na die *Nuwe Testament* toe. 'n Mens kan daarvan in baie gedeeltes lees, onder andere ook in Handelinge, soos byvoorbeeld in Handelinge 6:5 in verband met Stefanus. Van hom word gesê: "En die woord het byval gevind en by die hele menigte en hulle het gekies: Stafanus 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees . . ." Met ander woorde ook wat die *diakenswerk* betref, word die lyn vanaf die Ou Testament deurgetrek. Vir diakenswerk word Stafanus deur die Heilige Gees bekwaam gemaak, maar dit geld ook van en die *profetiese* gawe soos blyk uit 1 Korintiërs 12:10 en ook uit 1 Korintiërs 14:3 dat die profetiese werk ook 'n gawe van die Heilige Gees is. In 1 Korintiërs 12:10 lees ons byvoorbeeld: "Aan 'n ander het Hy gegee werkinge van kragte, aan 'n ander profesie". Wat profesie is, blyk uit 1 Korintiërs 14:3: "Maar hy wat profeteer spreek tot die mense woorde van stigting, troos en bemoediging". En die persoon wat in ons situasie vandag in die gemeente woorde van stigting troos en bemoediging spreek, is *die predikant.* Hy is toegerus met profetiese gawe wat volgens die Ou Testament byvoorbeeld aan Dawid geskenk is en wat nou aan die ampsdraers van die Nuwe Testament en die kerk gegee word. In Efesiërs 4:11 vervolgens word die verskillende ampte genoem: gawes van God aan sy kerk, terwyl ons byvoorbeeld in Romeine 12 en 1 Korintiërs 12 lyste vind van die gawes van die Gees wat God aan persone in sy kerk gee om alle fasette van sy dienswerk hier op aarde te doen. In 1 Korintiërs 12:28 word byvoorbeeld die *gawe van "regering"* genoem. Dit is dieselfde gawe wat aan Otniel geskenk is en ook aan daardie sewentig en aan Dawid en waarvan ons in Numeri 11 en Numeri 27 en Rigters 3 lees. Die Nuwe Testament laat sien dat die Heilige Gees ook die *ouderlinge* bekwaam maak om hulle werk te doen. Maar uit die Nuwe Testament blyk ook dat God nie net genadegawes aan die ampsdraers soos die dienaars van die Woord, die ouderlinge en diakens gee nie, maar dikwels ook *aan gemeentelede wat* nie één van dié drie ampte beklee nie. Daar is byvoorbeeld een gawe wat bekend staan as die gawe van "uitdeel" wat volgens Romeine 12:8 "in opregtheid" moet gebeur. Die Griekse woord daar is *metadidous* wat eintlik beteken: "om te gee". En nou sê die Bybel vir ons dat "om te kan gee" ook 'n gawe van die Heilige Gees is. 'n Mens kry nou maar partykeer mense wat as hulle moet gee en veral as hulle hulle beursie moet oopmaak om vir die kerk te gee, dan kry hulle swaar. Dit is die natuurlike neiging van 'n mens, maar nou sê die Bybel vir ons dat die Heilige Gees gee ook daardie gawe van "om te kan gee" aan ons. Hy is eintlik die een wat nie net die ouderlinge en die diakens en die predikant bekwaam maak om hulle werk te doen nie, maar Hy is ook die een wat besondere *gawes aan die gemeente* gee, sodat die werk van die Here voortgang kan vind in elke afdeling van die kerklike werk. Hier word byvoorbeeld gepraat van die gawe "van geloof deur die-

selfde Gees". Nou is dit *nie die algemene gawe van die geloof aan alle gelowiges*, waaroor ons gepraat het toe ons gesê het die Heilige Gees neem die heilswerk van Christus en hy pas dit hier-en-nou toe nie. Daar is ook die ander gawe van geloof. Dit is mense in die gemeente wat *vertroue* daarin het dat die werk van die kerk sal voortgang vind, wat die oortuiging het dat die werk van die kerk nooit sal misluk nie.

Een faset van die werk van die Heilige Gees is dus om besondere gawes aan besondere mense in die kerk te gee en hulle toe te rus sodat die werk van God in die wêreld sy voortgang kan hê. Voordat ons aan die volgende faset van die werk van die Heilige Gees aandag skenk, naamlik dat Hy aan alle gelowiges sekere gawes gee waarsonder hulle as't ware nie gelowiges kan wees nie, wil ons aan nog twee besondere gawes aandag gee, naamlik die gawe van tale en die gawe van gesondmaking. Daar mag miskien ander belangriker besondere gawes wees wat die Bybel noem, maar ons bespreek hierdie twee hier baie kortliks omdat veral hulle-twee ook in ons land vandag in die middelpunt van belangstelling staan en druk bespreek word.

## VII Die gawe van "ander tale"

Wat die *"gawe van tale"* betref, daarvan lees ons onder andere in Handelinge 2:1-13, 1 Korintiërs 12:10, 28 en 30, 1 Korintiërs 13:1 en 8 en 1 Korintiërs 14:2-39.

A Wat Handelinge 2 betref, is die volgende belangrik:

(a) Die Galiléërs wat "begin spreek het in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek" (vers 4), het in *bestaande en verstaanbare tale* en dialekte gespreek soos uit die lys van daardie tale in vers 9 tot 11 blyk. Die hoorders *verstaan* hulle en vra: "En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is".

(b) Nie net die tale waarin hulle spreek, is verstaanbaar nie, maar ook die *inhoud* van wat gesê word, kan duidelik begryp word. Soos vers 11 dit stel: Die hoorders uit verskillende taalgroepe sê: "Ons hoor hulle in ons eie taal *oor die groot dade van God* spreek".

(c) Ook die *doel* waarom daar in ander tale gepraat word, is duidelik. Hierdie Galiléërs was oog- en oorgetuies van die groot dade van God in Jesus Christus (Hand 1:21; 2:11 en 1 Joh 1:1-3). Maar hierdie evangelie is nie net vir hulle en hulle taalgroep bedoel nie; dit moet uitgedra word aan alle volke, tale en nasies tot aan die uiteindes van die aarde (bv Matt 28:19 en Hand 1:8). Daarom breek hulle dan ook deur hulle eie taalgrens en *verkondig* "die groot dade van God" in Jesus Christus *aan die anderstaliges* in hulle "eie

taal waarin hulle gebore is". Die doel is dus diens aan die ander wat nog nie die evangelie gehoor het nie met die doel om die evangelie duidelik, in hulle *eie taal te bring*.

(d) En nou glo ek dat hierdie gawe van "ander tale" vandag nog baie belangrik is om die evangelie aan anderstaliges te bring of om dit uit die oorspronklike tale nog duideliker in bestaande tale te vertaal. Hierdie gawe om tale te kan hanteer, word vandag nog beoefen deur hulle wat deur die Gees daartoe begaafd is, byvoorbeeld in die sendingveld en deur diegene wat die Bybel vertaal, ook in Afrikaans! Dit is duidelik: Dit gaan hier om *bestaande en verstaanbare* tale waarvoor 'n mens wel begaafdheid deur die Gees moet hê, maar dit moet (soos 1 Tim 2:6 sê) aangewakker word deur gedurige, langdurige harde studie.

B Maar blykbaar het "die gawe van tale" in die gemeente van Korinte 'n ander pad geloop.

(a) Eerstens was dit nie meer spreke in 'n bestaande en verstaanbare taal nie. Dit was eerder 'n onverstaanbare spreke, "'n spreek van verborgenhede" wat "nie vir mense nie", maar slegs vir God verstaanbaar was (1 Kor 14:2) en in elk geval uitleg geëis het (1 Kor 12:10 en 14:13, 27 en 28).

(b) Tweedens is hierdie spreek van tale in Korinte nie ten dienste van die ander (die Bybel noem dit *"liefde"*) gebruik nie, maar dit is gesien as iets om mee te spog, iets om aan te dui hoe 'n groot Christen die besitter en beoefenaar van hierdie "gawe" is. Dit het mense hoogmoedig, opgeblase en jaloers gemaak en hulle laat grootpraat omdat hulle hulle eie belang gesoek het. Sommige het selfs gesê dat die ander "minder-begaafde" Christene hulle nie sal verstaan nie, want (het hulle gesê): "Ons praat die taal van engele!" Hierteen skryf Paulus nou sy beroemde 1 Korintiërs 13 waar hy onder andere sê: "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en die liefde nie hê nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword" (vers 1). Om die liefde te hê, beteken om "nie jou eie belang" te soek nie (vers 5), maar om bereid te wees om ander te dien (soos die sprekers in ander tale volgens Handelinge 2 gedoen het). Dit is teenoor hierdie mense wat die "gawe" van tale gebruik om hulleself te verheerlik en op ander neer te sien, dat Paulus in 1 Korintiërs 13 sê: "Die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie" (vers 5).

C Daarom skat Paulus die gawe van profesië (duidelike verstaanbare prediking) wat deur die gerigtheid op die gemeente, dit wil sê wat deur die liefde *ander mense tot diens is* en "die gemeente stig" (1

Kor 14:4), baie hoër as die Korintiërs se manier van tale spreek. In die gemeente hoort dit nie tuis nie, óf dit moet uitgelê word, dit wil sê vertaal word in 'n bestaande, verstaanbare taal (1 Kor 14:13, 27 en 28). Die Korintiërs se manier van spreek in tale moet liewer 'n saak tussen die spreker en God in die binnekamer wees (1 Kor 14:28). Wat die gemeente, dit wil sê die openbare erediens betref, sê Paulus: "Maar in die gemeente wil ek liewer *vyf woorde* met verstand spreek *om ook ander te onderrig,* as tienduisend woorde in 'n taal" (vers 19)!

In die gemeentelike erediens gaan dit om duidelike verstaanbare woorde, tot stigting en troos van die gemeente. "Hy wat in 'n taal spreek, stig homself. Maar hy wat profeteer, stig die gemeente ... hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting, troos en bemoediging" (1 Kor 14:3 en 4).

### VIII Die gawe van gesondmaking

Wat die *gawe van gesondmaking* betref, maak ek slegs die volgende kort opmerkings:

A Die wese van 'n wonder is dat dit die normale verloop van sake deurbreek. Dit geld ook van die wonderwerke wat Jesus gedoen het; ook van sy genesingswonders.

(a) Omdat die wonder die normale verloop van sake deurbreek, daarom is dit opvallend, trek dit die mense se aandag.

(b) Dit trek egter nie net mense se aandag nie, maar dit dui ook aan dat agter hierdie deurbreking van die normale gang van dinge 'n bonatuurlike Mag staan. Daarom noem die Nuwe Testament die wonders dan ook *tekens,* tekens wat daarna heenwys dat Hy wat hierdie wonders doen, van God af kom en self God is. Nadat Jesus sy eerste wonder te Kana in Galiléa gedoen het, lees ons: "Hierdie eerste een van sy *tekens* het Jesus te Kana in Galiléa gedoen; en Hy het sy *heerlikheid geopenbaar* en *sý dissipels het in Hom geglo"* (Joh 2:11). Die wonder van die opwekking van Lasarus gebeur "sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word" (Joh 11:4). In sy pinkstertoespraak sê Petrus dan ook in hierdie verband: "Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens ..." (Hand 2:22). Kortom: Die wonders van Jesus, ook sy genesingswonders, is tekens wat na Hom en sy boodskap heenwys en aantoon dat Hy deur God gestuur is en dat sy boodskap van God af kom.

B En nou is dit juis die rede waarom God in die *vestigingstydperk van die kerk* die mag om wonders te doen, aan sy dissipels gegee het. As wonders moes hulle die aandag van mense trek én moes hulle

aantoon en bevestig dat die boodskap van hierdie gesante, van God af kom. Uit die talle plekke wat hierdie saak stel en duidelik maak, wys ons slegs op die laaste paar verse van Markus. Daar word gesê dat God aan die gelowiges (en dus ook aan sy gesante) die mag gee om sekere wonders te doen, onder andere: "op siekes sal hulle die hande lê en hulle sal gesond word" (Mark 16:18). Dan word daar gesê: "Hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk *en die Woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het"* (vers 20).

C.

(a) Die *wonder* van genesing is dus aan die kerk gegee om die aandag van mense op hierdie Boodskap te vestig.
(b) Die *teken* in hierdie wonder toon die goddelike herkoms en inhoud van hierdie Boodskap aan.
(c) Die eerste gesante (soos byvoorbeeld Petrus en Paulus van wie ons in Handelinge lees) het dan ook hierdie gawe van genesing as wonder en teken gebruik en sodoende die kerk gevestig. Hoewel daar geen spesifieke uitspraak in die Bybel is wat sê dat die gawe van genesing opgehou het nie, word hierdie gawe al minder-en-minder in die latere verloop van die kerk beoefen. Die rede hiervoor is dat toe die kerk eenmaal gevestig was, het dit as't ware sy eie momentum gekry en was dit nie meer nodig om dit deur die wonder bekend te stel en om die goddelike herkoms en aard van die boodskap deur die teken te bevestig nie. Die mense het dit toe al besef.
(d) *Die genesingsgawe is dus 'n tipiese vestigingsgawe van die kerk wat later verdwyn het.* Dit sluit egter nie uit dat God dit weer lewend kan laat word byvoorbeeld in tye van veragting van die kerk in die wêreld nie.

## IX Die algemene werkinge en gawes

Maar behalwe hierdie besondere gawes aan besondere persone en veral aan die ampsdraers van die kerk om hulle toe te rus en bekwaam te maak vir die dienswerk van die kerk in die wêreld, is daar ook die *algemene werkinge* en gawes van die Gees wat die gelowige eintlik tot gelowige maak.

Miskien is die grootste gawe in hierdie verband *die geloof.* Die Heilige Gees begelei nie net die werk van Jesus Christus van voor sy geboorte af nie; Hy laat die heilswerk nie net betroubaar en genoegsaam op skrif stel nie; Hy maak hierdie heilswerk ook tot ons eie eiendom. Dit doen Hy deur (soos ons alreeds aangetoon het) as "historikus van die Drie-een-heid" die afgehandelde werk van vér eeue

hier-en-nou teenwoordig te stel in Woord en sakrament; maar Hy doen dit óók deur *ons harte oop en ontvangklik te maak* dat ons hierdie dinge in die geloof van harte kan aanneem. Daarom sê 1 Korintiërs 12:3 dan ook: "Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." Op dieselfde wyse as wat die Heilige Gees die geloof skenk en bewerk, skenk en bewerk Hy ook die gawes van *roeping, wedergeboorte, bekering, regverdigmaking, heiligmaking en volharding*. Ruimte laat ons nie toe om selfs maar baie kortliks die inhoud van elkeen van hierdie gawes en werkinge van die Heilige Gees én hulle onderlinge verhouding te beskrywe nie. Dieselfde geld van *die kerk*, want eintlik is die hele kerkstigting, gawe en werk van die Heilige Gees.

### X Die vrug van die Gees

Miskien doen ons goed deur soos volg af te sluit: Ons het hierbo die gawe van *heiligmaking* as werk van die Gees genoem. Ons moet nie net *glo* nie, maar ook in dankbaarheid uit die geloof *lewe*. In hierdie verband praat die Bybel graag in die beeldspraak van die boom en sy vrugte. Van die *vrugte van die Gees* sê Galate 5:22 pragtig die volgende: "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing".